**Vrydag 27 Oktober**
**Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10**
**Fokusgedeelte: Openbaring 19:8**
**Die bruid se ewige versiering**

In Openbaring 19 lees ons weer van die Here se oordeel oor Babilon, maar nou word dit beklemtoon dat die goddelose wêreld ’n sedelose vrou is wat die Here se kinders vervolg en gedood het. Teenoor die sedelose Babilon staan die bruid van die Lam – die nuwe Jerusalem. Ná die Here sy oordeel oor die goddelose wêreld voltrek het, lees ons van die bruilof van die Lam wat aangebreek het.

Vers 7 sê dat die bruid van die Lam haar gereedgemaak het. Dit beteken dat die getal van die uitverkorenes vol is en dat die kerk se werk voltooi is. Soos enige bruid moet sy versier wees. Daarom staan daar in vers 8 dat dit aan haar gegee is om rein en blink fyn linne aan te trek. Die Here gee dit aan haar. Dis net genade dat sy rein voor haar Bruidegom kan verskyn, want Hy het sy bruid rein gewas met sy bloed.

Dan lees ons iets opmerklik: “Die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.” Dit bedoel nie dat die gelowiges se werke hulle rein maak voor die Almagtige nie. Die bruid se geloofsdade, wat volkome gemaak is deur Christus, dien wel tot haar versiering. Ons lees ook in Openbaring 21:2 dat die bruid vir haar Man versier is. Die kerk se ewige versiering is dit wat sy in die geloof gedoen het van die begin van die wêreld af tot op die oordeelsdag. Soos ons met gister se oordenking gelees het – die gelowiges se werke volg hulle.

Hierdie wete gee soveel betekenis aan die dankbaarheidslewe van die gelowige. Wanneer ons die Here met dankbare harte gehoorsaam, behaag dit Hom nie net vir die hier en nou nie. Dit dien tot sy ewige behae. Ons werkplekke is dikwels ’n klipharde realiteit waar ons geloof intens getoets word. Ons moet egter onthou dat elke daad van liefdevolle gehoorsaamheid aan die Here deel is van die versiering van Christus se bruid. Mag die Heilige Gees ons ook vandag help om saam te werk aan die gereedmaking van die kerk vir die bruilof van die Lam.

*Sing: Psalm 45-1:9, 10, 12, 13*

*Ds. RA Bain (Ronald) (Oranjerivier)*